

die Wapad

Jaargang XV

WOENSDAG, 31 AUGUSTUS 1960

Nr. 10

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

VERKIESING OP DIE CAMPUS

VIR DIE TWEEDE agtereenvolgende jaar gaan die Puk geen klasse hê op verkiesingsdag, Dinsdag 6 September nie. Vanaf 8.30 op Dinsdagoggend tot die middag laat sal die verkiesings plaasvind.

'n Beroep op alle stemgeregtigdes om teenwoordig te wees by die stemming, is onlangs deur mnr. H. J. D. van der Walt gedoen.

Maandag, 5 September is dit Setlaarsdag, sodat die Studenteraadverkiezing na 'n langaweek plaasvind. Mnr. Van der Walt het versoek dat alle stemgeregtigdes betyds na die langaweek opdaag, want as daar nie 'n kworum aanwesig is nie, kan dit beteken dat geen verkiesings vanjaar plaasvind nie. Dinsdag is die enigste dag wat vir verkiesings opgesit is.

Hieronder volg die volledige verkiesingsrooster. Die konvenor van die verkiesingskomitee is mnr. L. A. S. van Wyk, ondervoorsitter van die huidige Studenteraad.

Die tydsindeling is volgens benadering vasgestel, en stemgeregtigdes word vriendelik versoek om 'n kwartier voor die betrokke verkiesing by die Studentesaal te wees.

8.30 vm.: Dagbestuur S.R. en Damesverteenvoordiger—Saal.	2.45: Tennis—Saal.
9.30-10.15: A.S.B.-bestuur—Saal.	2.45: Stoei—Galery.
10.15: Korps V.V.—Saal.	3.00: Atletiek—Saal.
S.S.B.	3.00: Swem—Galery.
11.00: Rugby—Saal.	3.15: S.S.B.-Kieskollege—S.R.
11.00: Korfbal—Galery.	A.B.K.K.
11.30: Manshokkie—Saal.	3.45: A.S.O.—Saal.
11.30: Dameshokkie—Galery.	3.45: Skaak—Galery.
12.00: Judo—Saal.	4.05: Debat—Saal.
1.45 nm.: Krieket—Saal.	4.05: Musiekvereniging—Galery.
1.45: Tafeltennis—Galery.	4.25: Thalia—Saal.
2.15: Bofbal—Saal.	4.45: Volkspede—Saal.
2.15: Jukskei—Galery.	5.15: A.B.K.K. S.R.-verteenw.—S.R.

NOG 'N KROON WAG OP HOKKIESPAN

Die eerste dameshokkiespan het gedurende die afgelope week feitlik seker daarvan gemaak dat hulle die weners van die hokkieliga gaan wees.

Woensdag, 14 Augustus, het hulle vir die tweede keer in die hokkie-

pragtig gespeel, en 'n oorwinning van 7-0 behaal.

Daar is nog net die span van Dorp waarteen die Pukke moet speel, en indien hulle die wedstryd wen is hulle ook die weners van die hokkieliga.



ALBERTHA HOWELL, een van die hokkiespan se staatsmakerspeelsters.

seisoen die sterk span van Pote gekop. Die telling was 4-3.

Die Pukke was al net lelik benoud toe die Pote omtrent 10 minute voor die eindfluitjie nog 3-1 voorgeloop het. In die laaste tien minute het die Pukke skielik besluit dat hulle moet wen, en nog gou drie doele geskiet.

In die wedstryd teen die sterk span van K.A.A.A., het die Pukke

Kovsies se Kat

Drie jaar gelede het die Pukke daar-in geslaag om die Kovsies se rasseleier per vliegtuig te skaak en as hulpelose gevangene Potchefstroom toe te bring. Vanjaar was die Kovsies-wagte egter te lewendig op hul hoewe, maar 'n byna ewe groot ramp het hulle tog getref: Op die dag van die intervasie het die Kovsies se gelukbringer, die Swart Kat, in Bloemfontein voete gekry. 'n Groep Pukke het die waardevolle buit Potchefstroom toe gebring. Waar die kat hom op die oomblik bevind, weet net die goepie geheimsinnige Pukke.



Hennie v. d. Walt lê Tuig neer

DIE HUIDIGE STUDENTERAAD sal sy werksaamhede binne die eersvolgende paar dae afsluit met die aanhoor van talke jaarverslae en ander noodsaaklike sake wat nog afgehandel moet word.

Dit sal ook die laaste keer wees dat die Studenteraad sal vergader onder leiding van mnr. Hennie van der Walt. Hierdie groot figuur in ons studentelewe van die afgelope paar jaar lê nou die tuig neer. Mnr. Van der Walt, wat twee jaar lank voorsitter van die Studenteraad was en altesaam vier jaar op die S.R. gedien het, was ongetwyfel een van die uitstaande leiers van hierdie studentegemeenskap.

Ek het mnr. Van der Walt Saterdag na afloop van die samesprekings met die studenteleiers van Pietermaritzburg gespreek. Hy was terloops sikk in die bed met griep.

BESTIE MASSA

Mnr. Van der Walt het verklaar dat die studentemassa wat hy die

afgelope jaar kon lei en dien ongetwyfeld die beste studentemassa was wat hy nog geken het. Vera' op die terrein van die georganiseerde studentelewe is met die hulp en vertroue van die massa veel tot stand gebring.

Hy spreek in die besonder dank uit teen die lede van die Studenteraad vir die wyse waarop hulle hul van hul taak gekwyd het en vir die

lojaliteit wat hulle teenoor hom betoon het.

DANK REKTOR

Ook aan die Rektor, prof. J. Chris Coetzee, van wie hy baie leiding en hulp ontvang het, rig hy 'n woord van dank.

Aan die kantoorpersoneel wat telkens bygedra het om die sake van die studentelewe te laat vlot, spreek hy dank en waardering uit.

Ten slotte het mnr. Van der Walt sy dank uitgespreek teenoor die studentegemeenskap as geheel vir die vertroue wat hulle in hom gestel het waar hy hulle lank gedien en geleid het.

„Die diens wat ek aan die studentegemeenskap kon lewer, het bygedra tot persoonlike vorming en die voordele wat daaruit gehaal is, sal altyd waardevol wees,” het hy gesê.—Red. D.H.

Nie-blanke Student op Potchefstroom

'n Nie-blanke student van Dube sal op 7 September om 7.30 nm. in die ou teologiese skoolsaal optree met 'n toespraak, deel mnr. P. R. P. Potgieter, lid vir rasse-aangeleenthede op die huidige A.S.B.-bestuur, Die Wapad mee.

Hoewel die nuwe bestuur van die A.S.B. dan reeds aan die roer van sake sal staan, sal mnr. Potgieter optree as voorsitter.

Reëlings vir die program is getref deur die huidige bestuur van die A.S.B.

Stellenbosch se Nuwe S.R.

Mnr. Gideon Boshoff is tydens die Studenteraadsverkiezing aan die Universiteit Stellenbosch verkies tot nuwe voorsitter van die Studenteraad.

Hy volg die bekende mnr. Beyers Roelofse op wat na 'n lang dienstermyn uittree.

Mnr. Pieter Kapp is verkies tot ondervoorsitter van die S.R.

Die ander lede is: mnr. Piet Grobler, Fip Smit, Willie Esterhuyse, Gert Terblanche, Tertius Delport, Francois Hanekom, Graham Pienaar, Herman Gilliomee en Johan Voeloo en mej. Suzaan Margold.

Op pad ...

na
GEEN & VELLEMANvir hulle
**FOTOGRAFIESE en
APTEKERSBENODIGD-
HEDE.**

Volg hom na:

Kerkstraat 178.VIR DAARDIE HOL GE-
VOEL OP DIE MAAG . .

BAK ONS DIE

**Heerlikste
Vleispasteitjies****TURKSTRA
BAKKERY**

(EDMS.) BPK.

KERKSTRAAT 61**DIENS!**OP DIE PUNTE VAN
ONS VINGERS . . .**SUID-APTEEK**

BOTHASTRAAT 80

**PROTEA-
APTEEK****KERKSTRAAT 86****AJAX****BOEKE EN
SKRYFBEHOEFTE****Kerkstraat 159 Foon 3458
POTCHEFSTROOM**

die wapad

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

Hennie van der Walt

WANNEER DIE nuwe Studenteraad sy dienstermyneerskomende week aanvaar, neem die studentegemeenskap van die P.U. vir C.H.O. daarmee afskeid van 'n persoon wat die afgelope aantal jare diep spore op Potchefstroom getrap het—Hennie van der Walt.

Prof. D. J. van Rooy het in 'n onlangse artikel in Die Veteraan verklaar dat die hedendaagse S.R.-voorsitter se werk 'n vergelyking met die van Dag Hammarsköld goed deurstaan. Geen beter en kernagtiger formulering van die werk van Hennie van der Walt kan gedoen word nie.

Wil mens sy loopbaan aan die P.U. met enkele woorde karakteriseer, kan dit genoem word „diens aan die studentelewe”. Diens het hy ten volle gelewer en aan die studentegemeenskap het hy hom met ywer gewy.

Dit sou onmoontlik wees om al die verenigings en sake te noem waar Hennie van der Walt sy invloed laat geld het. Genoen is dit om te sê dat hy die studentegemeenskap na binne gedi en gelei en na buite met verantwoordelikheid en gesag verteenwoordig het.

In tussenuniversitêre kringe, in konferensiesale en in persoonlike hoedanigheid het hy deurgaans agting ingeboesem—by teenstander en volgeling.

Vanweë die skerppte waarmee hy 'n saak kan deursien en beredeneer, sy onwrikbare geloof, eerlikheid en deurstellingsvermoë in die saak wat hy dien en sy standvastigheid as persoon, het hy homself as leier en rigtingduider betoon.

Dit was nie alleen sy ideaal om ons studentelewe kerngesond te sien nie, maar ook op interuniversitêre terrein het hy die saak van die Afrikanerstudent—en uiteindelik die Afrikanervolk—opreg en daadwerklik gedien. Aan die ideale en doelstellings van die Afrikanerstudent het hy hom met erns, volharding en ywer gewy.

Die Wapad en die studentegemeenskap van die P.U. betuig aan mnr. Van der Walt opregte dank en waardering vir sy onbaatsugtige en toegewyde arbeid aan hierdie universiteit.

Mag sy loopbaan van diens voortgesit word in die groter lewe en mag die vorming en bouing wat hy hier deurmaak het, altyd van waarde blyk te wees.

Leiers en Leierskap

DIE STUDENTEGEMEENS-
SKAP staan op die vooraand van een van die grootste gebeurtenisse in die studentelewe van die jaar: die verkiesing van nuwe leiers.

Waar dit Dinsdag die taak en die voorreg van elke individuele stemgeregtigde student is om leiers daar te stel, bring verkiesingsdag ook die eis en verantwoording na vore: nadenke, onderskeiding en bestudering van die posisie voordat 'n naam neergeskryf word.

Die naaste vriend is dikwels nie die beste leier nie, terwyl die kandidaat van die wie die „ek” persoonlik nie baie hou nie, groot moontlikhede mag besit. Persoonlike guns of kwessies teenoor 'n kandidaat mag nie deurslaggewend wees by die verkiesing van 'n leier en leiers nie. Hoër maatstawwe as populariteit en „lekker kêrel-wees” bepaal leierskap.

Die eerste en basiese hoedanigheid van 'n studenteleier is sy roepingbewustheid en idealisme. Maar die idealisme moet 'n lewende en persoonlike oortuiging van die leier wees en voortspruit uit diepe roepingsbewustheid. Die studente met wie hy saamleef en -werk moet aanvoel dat daardie ideale in sy siel

leef en gestalte verkry het.

Vir leierskap is persoonlikheid essensieel. Persoonlikheid is iets van die menswees self en kan nie met die beste middele van uiterlike beskawing aangebring word nie.

Wie as leier van mense wil optree, moet sy persoon in diens van die gemeenskap stel. Hy moet die gemeenskap begryp, ken en opreg, eerlik en toegewyd dien. Die werklike leier sal hom nie bo sy gemeenskap verhef nie, maar hulle belange eerste stel. Leierskap eis versaking van eiebelang en selfverheffing.

Aan die hedendaagse studenteleier word hoë eise gestel: nie alleen moet hy 'n standvastige karakter, 'n goedgebalanseerde en nugter kyk op sake en 'n onuitroeibare geloof in die saak wat hy dien hê nie, en ook geen vrees ken nie, maar moet hy kennis hê van die terrein waarop hy hom beweeg.

Die huidige gekompliseerde studenteverhoudinge in die land, eis kennis, insig en begrip van hierdie verhoudinge en verwickelinge. Bovendien moet die studenteleier sy plek in die studentelewe van die land waardig, met gesag en verantwoordelikheid kan volstaan.

In A Lig

IN DIE BRIEF van die apostel Jakobus aan die twaalf stamme in verstrooiing hoort hierdie twee gedagtes bymekaar, maar dit is ook 'n besondere woord vir die tyd waarin ons lewe. Dit is woorde wat moet spreek tot die hart van elkeen van ons wat hier aan hierdie inrigting studeer en in so 'n noue verband met mekaar saamleef, of behoort saam te leef.

Die apostel se woorde moet verstaan word in die gees waarin dit gegee is. Hy verdoem nie alle oordeel nie. God het aan ons die vermoë gegee om te onderskei wat reg en wat verkeerd is, en dit sal net so verkeerd wees as ons hierdie vermoë nie gebruik nie. Maar waarteen hy wel waarsku en wat hy wel veroordeel is die verkeerde gebruik en die misbruik van hierdie gawe. Jakobus veroordeel die oordeel wat kwaadsprekery as grondslag het en wat dus gebore is uit gebrek aan liefde en ook uit selfsug.

Jakobus 4 : 11—„Broeders, moenie van mekaar kwaadsprek nie.”

Jakobus 4 : 12—„Maar jy, wie is jy wat 'n ander oordeel?”

Daar is slegs een maatstaf waarvolgens daar geoordeel mag word, en hierdie maatstaf is aan ons gegee deur die Enige Wetgewer . . . „Hy wat mag het om te verderf en te red.” Duidelik en ondubbelsinnig word hierdie maatstaf saamgevat in die woorde wat elke christen se lewe moet beheers: „Jy moet liefhê met jou hele hart, en jou naaste soos jouself.”

VRA LIEFDE

God vra van ons liefde tot ons naaste. In oorfloedige mate skenk Hy sy reddende liefde aan ons, aan arme sondears wat niks verdien en op niks kan aanspraak maak nie. Nou vra Hy van ons wederliefde . . .

Jakobus praat met die broeders. Hy is dus nie hier besig met die heidene wat God en sy gebod nie ken nie. Nee, hy is besig met ons wat elke Sondag die heerlike evangelie kan hoor en wat in liefde saamgebind is tot een gemeenskap onder ons Koning en Saligmaker, Jesus Christus.

Moenie van mekaar kwaadsprek nie. Wie het geen skuld hieraan nie? Miskien sal ons nie die kwaadsprekery oor 'n medestudent begin nie, maar ons is altyd so gretig om dit verder te voer. Ook is ons so geneig om ons eie kleur aan die swartsmeerdery te gee. Hierdie

kleur wat ons daaraan toevoeg is dan ook byna nooit die heldere en vlekkelose kleur van die liefde nie!

As ons lewe deur hierdie liefdesgebed beheers was dan sou ons besin voordat ons 'n verdere woord spreek en probeer om die saak so op te los dat niemand se karakter of persoon daardeur skade ly nie. Per slot van rekening, wie is ons om ligweg en onnadenkend ons mening te gee oor die handelwyse van 'n ander persoon en selfs 'n oordeel te gaan uitspreek? Sou ons wat almal maar voor die regbank staan bo-op wil klim en God, wat die enige Kenner van harte is, daarvan probeer verdring?”

SKANDAAL

Dit is soveel makliker, en ook aangenamer, om oor persone te gesels as om oor beginsels te praat. Dit bied so 'n gevoel van selfverheffing om 'n ander se swakpunte in 'n geselskap aan te toon en te vergroot. 'n Dubieuse daad geplaas in die raam van 'n skandaal bring soveel prominensie aan die ontwerper daarvan!

Is dit liefde tot jou naaste?

Kom ons hou hierdie paar sake in gedagte:

Die doel van spraak is om God te eer en te dien; as ons kwaadsprek doen ons die werk van Satan.

Ons moet eerder aandag gee aan die voortrefflikhede van ons naaste se karakter as aan die gebreke daarvan.

As ons moet oordeel, oordeel liever oor beginsels as oor persone.

Ons moet die fout veel eerder aan die persoon wat gefouteer het, meedeel as aan die res van die wêreld, vir wie dit net sensasie beteken.

Om van jou naaste kwaad te spreek en te oordeel sonder die oordeel van die liefde beteken dat jy in verset kom teen die goddelike wet en dat jy daarvoor oordeel. Dit beteken dat jy buite die liefde om 'n nuwe maatstaf daar gestel het, 'n maatstaf waarvan Satan die patentreg het. Dan kom die woorde van die apostel Jakobus: „Maar jy, wie is jy wat 'n ander oordeel?”

Geagte leser, God vra dat ons daders van die wet sal wees. As die ewige liefde van God in ons harte brand dan moet dit vergestalt in ons woorde en daad vind . . . dan moet ons ons naaste liefhê soos onself.

REDAKSIE EN ADMINISTRASIE:

HOOFREDAKTEUR Dirk Herbst (X041)
NUUSREDAKTEUR Stoffel Cilliers (X042)
REDAKTEUR TUSSENUNIVERSITÊRE
EN BUITELANDSE SAKE Dewald Roode (1566)
KUNSREDAKTRISE Enid Rautenbach (1385)
SPORTREDAKTEUR Izak Lessing (425)
VARIAREDAKTEUR Piet Bingle (X068)
VARIASLAGGEWERS Nic Badenhorst en
Annemarie Schutte

NUUSVERSLAGGEWERS:

..... Gert Scholtz, André Arnoldi en Elsa Pelser
SPORTVERSLAGGEWERS: Nic Swart en Marieke v. d. Merwe
FOTOGRAAF Johan van der Merwe (19)
SIRKULASIEBESTUURDER Herman Oosthuizen (X041)
PENNINGMEESTER Ernie van der Merwe
ADVERTENSIEBESTUURDER Ben Bierman (1188)
TEGNIËSE ADVISEUR Gouws Oberholzer

NUWE LABORATORIUM IS SIERAAD IN VOORKOMS EN GERIEF

'N SIERAAD IN VOORKOMS, beplanning van moderne geriewe en die modernste van sy soort in die Unie—dit is die pragtige nuwe Huishoudkundelaboratorium van die P.U., wat tans nog nie heeltemal voltooi is nie, maar reeds deur die Huishoudkundestudente gebruik word.

Die gebou het sowat £40,000 gekos om te bou en dit het al die modernste geriewe wat beskikbaar is.

Mev. M. M. Potgieter, senior lektre in die Departement, het 'n verteenwoordiger van Die Wapad deur die nuwe gebou geneem en verskeie van die nuwigheide aan hom gewys.

Heel eerste was daar die twee kookkunslaboratoria, waarin 24 studente individueel kan werk. Die werkseenhede is baie kompak saamgestel met krane, stoof en pakplek alles bymekaar. Die werkseenhede is ook so saamgestel dat dit selfwerkzaamheid aanmoedig by studente, vertel mev. Potgieter.

SPENS NODIG
Wat natuurlik broodnodig is by so 'n gebou, is 'n spens, wat in hierdie geval ook baie modern is. Verder is daar die eetkamer, groot genoeg vir 24 persone, met ekstra kontakpunte en ingeboude buffet.

Die laboratorium wat spesiaal gebruik word vir die bereiding van maa'tye word veral deur die meer senior studente gebruik en het ook sy moderne geriewe, soos elektriese mengers.

Wat in die nuwe gebou anders is as in die ou gebou, is dat daar nou 'n opwasplek is wat apart van die res van die gebou bereik kan word, sodat bediendes die opwaswerk kan doen sonder om die studente te steur.

Vir die eerste keer in die Unie sal daar ook in die Huishoudkundegebou 'n laboratorium wees waar chemiese navorsing in verband met huishoudkundige aangeleenthede gedoen sal kan word.

SLIM BEPLAN
Kyk mens na die waskamer met sy vlekvrystaatseenhede en die strykplanke wat baie kompakt in hul muurkassies staan, besef jy dat hierdie nuwe gebou uitstekend beplan is en dat diegene wat die beplanning gedoen het, daarvoor geloof kan word.

Daar is verder 'n spesiale kledinglaboratorium met verskeie naaimasjiene, kaste vir verpakking en 'n aanpaslokaal, asook 'n navorsingslokaal met 'n spens, waar daar heelwat eksperimentele kookkuns gedoen word. Die koelkamer-eenheid het 'n ekstra leiklipblad en groot ruimte vir die opberg van groente en vrugte.

'n Ou fisikalaboratorium is goed gemoderniseer en word tans ook veral deur die huisbestuur- en metodiekstudente gebruik. In die weeflokaal staan daar tans sewe weefstoele en nog meer tafemodelle sal aangekoop word, deel mev. Potgieter mee.

Behalwe die laboratoria is daar al die moderne geriewe wat daar moet wees: twee lesingsale, een studiesaal wat ook as lesingsaal gebruik kan word en vyf kantore.

NUWE VLEUEL

Die werkery aan die nuwe vleuel is nog nie heeltemal voltooi nie, maar die huishoudkundestudente loop reeds daar klas. Die mure sal eers aan die einde van die jaar geverf word.

Die enigste gevolgtrekking waar toe mens kan kom na 'n besoek aan die nuwe huishoudkundelaboratorium, is dat die studente wat nou en in die vervolg huishoudkunde sal studeer, hulself gelukkig kan ag om so van die modernste geriewe in die land gebruik te kan maak.

Die nuwe huishoudkungebou is 'n groot aanwinst tot die Puk, waarop met reg geroem kan word.

Duur apparaat aangekoop

Een enkele apparaat wat £7,000 kos, sal binnekort deur die Departement Chemie van die Universiteit by hul toerusting gevoeg word. Hierdie toestel, 'n infraspktrofotometer, wat deur 'n Amerikaanse firma in 'n Duitse fabriek vervaardig is, is reeds bestel en word teen die einde van die jaar verwag.

Die besondere tipe wat bestel is, is die grootste model beskikbaar en daar sal teen die einde van die jaar nog slegs vier soortgelyke modelle in die land wees, deel prof. J. Tiedt, hoof van die Departement Chemie, Die Wapad mee.

ONKOSTE
Die Raad van die Universiteit dra die helfte van die koste by die aankoop van die infraspktrofotometer, terwyl die Departement die ander helfte self moet dra.

Met hierdie instrument kan mens in die infra-rooigebied 'n groot aantal organiese en anorganiese verbindings identifiseer d.m.v 'n kurwe wat die instrument trek. Verder word dit vir 'n groot aantal analyses gebruik.

Die aankoop van die infraspktrofotometer is in ooreenstemming met 'n algemene uitbreiding wat by universiteite en ander laboratoria plaasvind.

A.S.B. kry £500

'n Verdere bedrag van £500 is aan die A.S.B. toegeken vir die Republikeinse fonds, deel mnr. Hennie van der Walt, president van die A.S.B., mee.

Die geld sal bestee word aan kompetisies wat in een koerant per provinsie uitgeskryf sal word.

Dankie aan Zuna en al die Ander

Hiermee wil ek alle Pukke wat so 'n uitmuntende gees op die pawiljoen openbaar het, van harte gelukwens. Daardeur het u dit vir my 'n plesier gemaak om voor u op te tree, en sal dit een van die dae bly wat ek nog lank sal onthou.

Ek kan met vrymoedigheid die bewering maak dat die Vrystaat nie gou die vertoning van die Puk op die veld en ook af van die veld sal vergeet nie. Doen dit elke jaar, Pukke!

Van dieselfde geleentheid wil ek ook gebruik maak om dankie te sê aan Zuna en almal wat haar gehelp het om my roset en ander geleentheidstoebehore te maak. Lank lewe al die intervarsity-gangers!

HANS VAN ZYL.
(Onder-, Rasieleier.)

Pukke na Natalse Hoofstad

Twee Pukke—mnr. D. A. S. Herbst en Louis Botha—sal eerskomende Vrydagaand aan 'n debat met studente van die Natalse Universiteit in Pietermaritzburg deelneem.

Die Pukke sal stel dat Suid-Afrikaanse universiteite eintlik superhoërskole is en nie werklike universiteite status bereik het nie.

Van der Walts Voor op Puk

„Wie's ek!!!!“

„Ek weet nie, meneer...“

„Vat 'n kans, man! Vat 'n kans!“

„Ek weet nie, meneer...“

„Toe-toe, jong! Wie's ek?“

En na 'n rukkie sal die ouheer, wat natuurlik 'n Van der Walt moet wees, traag moet aanhoor... „Venter, meneer.“

„Is jy gek, man! Wie's ek?“

„Du Plessis, meneer!“ Die draak kyk met afgagting...

„Hou my nie vir die gek nie!“ 'n Paar ordentlike en geniepsige rukke van meneer Van der Walt, laat die kèrel sy pitte reg skommel: „Van der Walt, meneer!“ en sy oë gloei bly.

STATISTIEK

En tog was die kèrel geregtig op 'n raakans. Hoekom?

Uit 'n vlugtige deurblooi deur die S.R. se stemreglyste vir massavergaderings en Studentehandboekuitslae vanaf 1951 tot 1957 is die volgende skatting saamgeflans:

Vanaf 1951 tot 1957 was daar

112 Du Plessis's op die Puk, 129 Van der Walts, 81 Coetzee's, 81 Venters en 41 Snymans.

Die Krügers is nog nie getel nie!

Van die totale getal uitgesogtes—444 in getal—beklee die Van der Walts die leidende posisie met 29% van die totaal en die Du Plessis's kort op hul hakke met 25.2%.

Idyll, Hennie, Andries, Louis, ens. is vas gekys—dus, teen 2000 sal hier seker so teen 180 stuks Van der Walts wees.

Venters en Du Plessis's kys nie, want die mededinging is nog te groot! Cassie is egter glo 'n man van wie hoë verwagtings gekoester word.

—G.J.L.S.

Mnr. A. J. E. Sorgdrager, senior lektor in kosteberekening, vertrek eersdaags vir verdere studie na Nederland.

MOENIE SOEK NIE!

'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind

Aptekers J. P. van der Walt

(EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929

MOENIE.....

MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!

CORNER FRUIT STORE

„U KEN ONS!“

A.S.B.-PRESIDENT LEWER BELANGRIKE REDE OOR APARTE UNIVERSITEIT

MNR. HENNIE VAN DER WALT het verlede week voor die Wits Academic Freedom Committee in Johannesburg verklaar dat hoër onderwys vir die Bantoe op sy beste voorsien kan word in 'n eie afsonderlike inrigting.

Mnr. Van der Walt het 'n groot gehoor toegesprek oor aparte universiteite.

Hy het gewys op die wesentlike behoefte wat daar bestaan vir hoër

besondere behoeftes van die bevolkingseenheid te voorsien, en daar word dan ook by so 'n inrigting weinig ag geslaan op die besondere behoeftes van die bevolkingseenheid.

Dit is veral waar van 'n land soos Suid-Afrika waar volkseenhede op verskillende trappe van ontwikkeling staan.

Waar die universiteit 'n bepaalde volksgroep dien, word die studente baie makliker en beter toegesien vir die lewe en vir diens aan die groep waaraan hulle behoort. Studente wat aan 'n minderheidsgroep aan 'n universiteit behoort en nog as groep minder ontwikkel is, loop gevaar om deur die meerderheid oorweldig te word.

KULTUUR

Aparte universiteite wil verder verhoed dat die student totaal van sy kultuur losgeruk word en dat sy eie kultuur vir hom vernietig en selfs veragtelik gemaak word.

Afsonderlike universiteite voorsien voorts in die behoeftes van die studente om aktief aan alle vertakings van die universiteitslewe deel te neem. Waar die student aan gemengde inrigtings nie aan alle vertakings van die lewe kan deelneem nie, kan die universiteit nie 'n volle deel hê in die ontwikkeling van die besondere gemeenskap nie.

BEHOEFTE

'n Universiteit wat nie 'n besondere gemeenskap dien nie en wat sy studente uit heterogene volkseenhede trek, sal dit moeilik vind om in die

KWALITEIT?

INDERDAAD, MY VRIEND!

by

H. & H. JUWELIERS

129 Kerkstraat. Tel. 1031

Dirigent dank aan Pukke

Mnr. Hennie van der Walt, wat die Pukke op die pawiljoen teen die Kousies voorgedaan het, rig die volgende boodskap aan die Pukke:

„Graag wil ek hiermee al die Pukke bedank vir die goeie gesindheid en samewerking wat hulle tydens Intervarsity gelewer het — op en van die veld af.

„Aan die spanne wat gewen het, hartlik geluk; aan hulle wat minder gelukkig was: die nederlaag is met die regte gesindheid aanvaar.

„Probeer weer!“

MOENIE SOEK NIE!

'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind

Aptekers J. P. van der Walt

(EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929

MOENIE.....

MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!

CORNER FRUIT STORE

„U KEN ONS!“

A.S.B.-PRESIDENT LEWER BELANGRIKE REDE OOR APARTE UNIVERSITEIT

MNR. HENNIE VAN DER WALT het verlede week voor die Wits Academic Freedom Committee in Johannesburg verklaar dat hoër onderwys vir die Bantoe op sy beste voorsien kan word in 'n eie afsonderlike inrigting.

Mnr. Van der Walt het 'n groot gehoor toegesprek oor aparte universiteite.

Hy het gewys op die wesentlike behoefte wat daar bestaan vir hoër

besondere behoeftes van die bevolkingseenheid te voorsien, en daar word dan ook by so 'n inrigting weinig ag geslaan op die besondere behoeftes van die bevolkingseenheid.

Dit is veral waar van 'n land soos Suid-Afrika waar volkseenhede op verskillende trappe van ontwikkeling staan.

Waar die universiteit 'n bepaalde volksgroep dien, word die studente baie makliker en beter toegesien vir die lewe en vir diens aan die groep waaraan hulle behoort. Studente wat aan 'n minderheidsgroep aan 'n universiteit behoort en nog as groep minder ontwikkel is, loop gevaar om deur die meerderheid oorweldig te word.

KULTUUR

Aparte universiteite wil verder verhoed dat die student totaal van sy kultuur losgeruk word en dat sy eie kultuur vir hom vernietig en selfs veragtelik gemaak word.

Afsonderlike universiteite voorsien voorts in die behoeftes van die studente om aktief aan alle vertakings van die universiteitslewe deel te neem. Waar die student aan gemengde inrigtings nie aan alle vertakings van die lewe kan deelneem nie, kan die universiteit nie 'n volle deel hê in die ontwikkeling van die besondere gemeenskap nie.

BEHOEFTE

'n Universiteit wat nie 'n besondere gemeenskap dien nie en wat sy studente uit heterogene volkseenhede trek, sal dit moeilik vind om in die

KWALITEIT?

INDERDAAD, MY VRIEND!

by

H. & H. JUWELIERS

129 Kerkstraat. Tel. 1031

Dirigent dank aan Pukke

Mnr. Hennie van der Walt, wat die Pukke op die pawiljoen teen die Kousies voorgedaan het, rig die volgende boodskap aan die Pukke:

„Graag wil ek hiermee al die Pukke bedank vir die goeie gesindheid en samewerking wat hulle tydens Intervarsity gelewer het — op en van die veld af.

„Aan die spanne wat gewen het, hartlik geluk; aan hulle wat minder gelukkig was: die nederlaag is met die regte gesindheid aanvaar.

„Probeer weer!“

MOENIE SOEK NIE!

'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind

Aptekers J. P. van der Walt

(EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929

MOENIE.....

MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!

CORNER FRUIT STORE

„U KEN ONS!“

A.S.B.-PRESIDENT LEWER BELANGRIKE REDE OOR APARTE UNIVERSITEIT

MNR. HENNIE VAN DER WALT het verlede week voor die Wits Academic Freedom Committee in Johannesburg verklaar dat hoër onderwys vir die Bantoe op sy beste voorsien kan word in 'n eie afsonderlike inrigting.

Mnr. Van der Walt het 'n groot gehoor toegesprek oor aparte universiteite.

Hy het gewys op die wesentlike behoefte wat daar bestaan vir hoër

besondere behoeftes van die bevolkingseenheid te voorsien, en daar word dan ook by so 'n inrigting weinig ag geslaan op die besondere behoeftes van die bevolkingseenheid.

Dit is veral waar van 'n land soos Suid-Afrika waar volkseenhede op verskillende trappe van ontwikkeling staan.

Waar die universiteit 'n bepaalde volksgroep dien, word die studente baie makliker en beter toegesien vir die lewe en vir diens aan die groep waaraan hulle behoort. Studente wat aan 'n minderheidsgroep aan 'n universiteit behoort en nog as groep minder ontwikkel is, loop gevaar om deur die meerderheid oorweldig te word.

KULTUUR

Aparte universiteite wil verder verhoed dat die student totaal van sy kultuur losgeruk word en dat sy eie kultuur vir hom vernietig en selfs veragtelik gemaak word.

Afsonderlike universiteite voorsien voorts in die behoeftes van die studente om aktief aan alle vertakings van die universiteitslewe deel te neem. Waar die student aan gemengde inrigtings nie aan alle vertakings van die lewe kan deelneem nie, kan die universiteit nie 'n volle deel hê in die ontwikkeling van die besondere gemeenskap nie.

BEHOEFTE

'n Universiteit wat nie 'n besondere gemeenskap dien nie en wat sy studente uit heterogene volkseenhede trek, sal dit moeilik vind om in die

KWALITEIT?

INDERDAAD, MY VRIEND!

by

H. & H. JUWELIERS

129 Kerkstraat. Tel. 1031

Dirigent dank aan Pukke

Mnr. Hennie van der Walt, wat die Pukke op die pawiljoen teen die Kousies voorgedaan het, rig die volgende boodskap aan die Pukke:

„Graag wil ek hiermee al die Pukke bedank vir die goeie gesindheid en samewerking wat hulle tydens Intervarsity gelewer het — op en van die veld af.

„Aan die spanne wat gewen het, hartlik geluk; aan hulle wat minder gelukkig was: die nederlaag is met die regte gesindheid aanvaar.

„Probeer weer!“

MOENIE SOEK NIE!

'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind

Aptekers J. P. van der Walt

(EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929

MOENIE.....

MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!

CORNER FRUIT STORE

„U KEN ONS!“

A.S.B.-PRESIDENT LEWER BELANGRIKE REDE OOR APARTE UNIVERSITEIT

MNR. HENNIE VAN DER WALT het verlede week voor die Wits Academic Freedom Committee in Johannesburg verklaar dat hoër onderwys vir die Bantoe op sy beste voorsien kan word in 'n eie afsonderlike inrigting.

Mnr. Van der Walt het 'n groot gehoor toegesprek oor aparte universiteite.

Hy het gewys op die wesentlike behoefte wat daar bestaan vir hoër

besondere behoeftes van die bevolkingseenheid te voorsien, en daar word dan ook by so 'n inrigting weinig ag geslaan op die besondere behoeftes van die bevolkingseenheid.

Dit is veral waar van 'n land soos Suid-Afrika waar volkseenhede op verskillende trappe van ontwikkeling staan.

Waar die universiteit 'n bepaalde volksgroep dien, word die studente baie makliker en beter toegesien vir die lewe en vir diens aan die groep waaraan hulle behoort. Studente wat aan 'n minderheidsgroep aan 'n universiteit behoort en nog as groep minder ontwikkel is, loop gevaar om deur die meerderheid oorweldig te word.

KULTUUR

Aparte universiteite wil verder verhoed dat die student totaal van sy kultuur losgeruk word en dat sy eie kultuur vir hom vernietig en selfs veragtelik gemaak word.

Afsonderlike universiteite voorsien voorts in die behoeftes van die studente om aktief aan alle vertakings van die universiteitslewe deel te neem. Waar die student aan gemengde inrigtings nie aan alle vertakings van die lewe kan deelneem nie, kan die universiteit nie 'n volle deel hê in die ontwikkeling van die besondere gemeenskap nie.

BEHOEFTE

'n Universiteit wat nie 'n besondere gemeenskap dien nie en wat sy studente uit heterogene volkseenhede trek, sal dit moeilik vind om in die

KWALITEIT?

INDERDAAD, MY VRIEND!

by

H. & H. JUWELIERS

129 Kerkstraat. Tel. 1031

Dirigent dank aan Pukke

Mnr. Hennie van der Walt, wat die Pukke op die pawiljoen teen die Kousies voorgedaan het, rig die volgende boodskap aan die Pukke:

„Graag wil ek hiermee al die Pukke bedank vir die goeie gesindheid en samewerking wat hulle tydens Intervarsity gelewer het — op en van die veld af.

„Aan die spanne wat gewen het, hartlik geluk; aan hulle wat minder gelukkig was: die nederlaag is met die regte gesindheid aanvaar.

„Probeer weer!“

MOENIE SOEK NIE!

'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind

Aptekers J. P. van der Walt

(EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929

MOENIE.....

MET 'N KOUE PAMPOEN OM DIE BOS GELEI WORD NIE!

CORNER FRUIT STORE

„U KEN ONS!“

A.S.B.-PRESIDENT LEWER BELANGRIKE REDE OOR APARTE UNIVERSITEIT

MNR. HENNIE VAN DER WALT het verlede week voor die Wits Academic Freedom Committee in Johannesburg verklaar dat hoër onderwys vir die Bantoe op sy beste voorsien kan word in 'n eie afsonderlike inrigting.

Mnr. Van der Walt het 'n groot gehoor toegesprek oor aparte universiteite.

Hy het gewys op die wesentlike behoefte wat daar bestaan vir hoër

besondere behoeftes van die bevolkingseenheid te voorsien, en daar word dan ook by so 'n inrigting weinig ag geslaan op die besondere behoeftes van die bevolkingseenheid.

Dit is veral waar van 'n land soos Suid-Afrika waar volkseenhede op verskillende trappe van ontwikkeling staan.

Waar die universiteit 'n bepaalde volksgroep dien, word die studente baie makliker en beter toegesien vir die lewe en vir diens aan die groep waaraan hulle behoort. Studente wat aan 'n minderheidsgroep aan 'n universiteit behoort en nog as groep minder ontwikkel is, loop gevaar om deur die meerderheid oorweldig te word

AAN DIE STUDENTEFRONT

IN DIE JONGSTE tyd het verskeie woelinge aan die interuniversitêre front in die oog geval. Die jongste verwikkelinge tref almal deur pogings wat aangewend word om nouer samewerking en begrip tussen verskillend-denkend e studenteiers van die land tot stand te bring.

In Die Matie van 5 Augustus verskyn 'n voorbladartikel oor die probleem van samewerking (vgl. die rubriek Studentenuus van elders) en in Die Perdeby van 19 Augustus verskyn 'n verslag oor die konferensie van Studenterade wat op 5 en 6 Augustus in Pietermaritzburg gehou is.

Reeds in die eerste semester het die gedagte van die Potchefstroomse Studenteraad en die Pietermaritzburgse Studenteraad uitgegaan vir die hou van 'n konfrensie waarheen die voorsitters en ondervoorsitters van die S.R.'s uitgenooi is.

Die P.U. het sy konferensie teruggetrek ten gunste van die Natalse konferensie, wat egter ook afgelas moes word as gevolg van die weiering van die Studenterade van Kaapstad en Wits om die voorwaarde van verteenwoordiging te aanvaar.

Tydens die NUSAS-kongres in Kaapstad in Julie is 'n mosie aange- neem dat die Engelstalige universiteite konferensies sal bywoon waar slegs die voorsitter en ondervoorsitter van die S.R. teenwoordig sal wees.

ONGELEË TYD

Dat die P.U. se studenteiers nie die Natalse konferensie kon bywoon nie, is nie te wyte aan onwilligheid of 'n weiering om saam te werk nie, maar alleen omdat die datum ongeleë was.

Die P.U. het die afgelope naweek besoek ontvang van mnre. John Chettle, voorsitter van die Studenteraad van Pietermaritzburg, en John Lloyd, 'n lid van die S.R.

Hoewel samesprekings informeel gevoer is, is vrugbare resultate bereik. Die besprekings het andermaal die erns van die studenteiers van Natal en Potchefstroom bevestig om saam te werk en mekaar te begryp.

KONFERENSIE

Die konferensie wat in Maritzburg plaasgevind het, was ten volle in ooreenstemming met wat die P.U. as voorwaardes gestel het. Slegs twee Afrikaanse Universiteite—Stellenbosch en Pretoria—kon afgevaardigdes stuur.

STUDENTENUUS VAN ELDERS

IN die jongste uitgawe van Die Matie, word die mislukking van die onlangs gehoue konferensie van die Suid-Afrikaanse Studente Persvereniging asook die beoogde Pietermaritzburgse konferensie van studenterade, diep betreur.

Die muslukking van die Pietermaritzburgse konferensie kan volgens Die Matie toegeskryf word aan die aanhoudende hardkoppigheid van die Universiteite Kaapstad en Wits.

Die Matie voel saam met die redakteur van Die Wapad dat hierdie twee universiteite eers 'n gevoel van vaderlandsliefde moet aanleer. Eenheid onder die blanke studente, nl. die Afrikaanssprekende en Engelsprekende studente, moet eers bereik word.

Die Matie verklaar dat Stellenbosch trou staan aan die beginsels van die A.S.B. t.o.v. interuniversitêre kontak, maar dat hulle nog altyd bereid was om samewerking tussen Afrikaanssprekende en Engelssprekende studente teweeg te bring.

Naas sy roeping teenoor die Afrikanernasie, is Stellenbosch hom ook bewus van sy roeping teenoor tweetalige Suid-Afrika. In hierdie proses sal Stellenbosch egter nooit onwrikbare beginsels prysgee nie.

I.S.K.-KONFERENSIE

Studente-afgevaardigdes van byna alle nasionale studente-unies in Afrika sal die negende Internasionale Studente Konferensie (I.S.K.) vanaf

deur Dirk Herbst

Die verklaring wat na afloop van die konferensie uitgereik is, is ten volle aanvaarbaar deur die P.U.—wat gesê en besluit is, is immers dieselfde wat die P.U. nog altyd beoog het.

Grepe uit die verklaring (soos ontleen aan Nux, studentekoerant van Pietermaritzburg) lui soos volg:

Die begeerte is eenparig deur die konferensiegangers uitgespreek dat pogings tot kontak tussen die verskillende universiteite moet voortgaan. 'n Soortgelyke konferensie sal aanstaande jaar in Grahamstad gehou word. Die hoop is verder uitgespreek dat die konferensie 'n jaarlikse instelling sal word.

VERBETERING

Verbetering van die betrekkinge tussen studente kan bewerkstellig word langs verskillende weë, was die gevoel op die konferensie. Universiteite kan byvoorbeeld debatte en simposia reël, welwil-

lendeidsbesoeke deur studente kan plaasvind, asook vergaderings tussen individuele Studenterade, ens.

Die begeerte is voorts uitgespreek dat wedersydse aanvalle van NUSAS en die A.S.B. op mekaar ten einde sal loop en dat groter respek teenoor mekaar betoon sal word. Die begeerte is voorts uitgespreek dat onverantwoordelike oorsese kritiek deur beide organisasies vermy moet word.

OOGMERK

Mnr. Chettle het verklaar dat politieke aangeleenthede nie in hierdie stadium op die agenda van soortgelyke konferensies sal verskyn nie. „Die oogmerk is om nuwe weë te soek waarmee die verskillende studentegroepe mekaar kan vind,” het hy gesê.

Hoewel geen amptelike sosiale reëlins vir die konferensie getref was nie, was dit oop vir blank en nie-blank, maar alle pogings is aangewend om geen aanstoot te gee nie. Behuising was egter apart.

Sake wat in die toekoms bespreek kan word, is reëlins in verband met sporttoernooie, en die kwessie van oorvleueling van studentetoere, het mnre. Hennie van der Walt gesê.

VERBLYDEND

Dat die besoek van mnre. Chettle en Lloyd kon plaasvind, was verblydend. En dat dit wel vrugbaar was, lei geen twyfel nie. Daar is duidelike bewys van die erns van die gesindheid waarmee die Studenterade van die P.U. en Pietermaritzburg die studentevraagstukke in die land benader.

● Alleen deur van alle moontlike kanale gebruik te maak om die standpunt wat ons huldig aan ander oor te bring, kan hulle ons begryp. En alleen deur hulle standpunte in 'n goeie gesindheid aan te hoor, kry ons die geleentheid om eerstehands kennis te maak daarmee.

JUNIOR LEKTOR GAAN IN KANADA STUDEER

MNR. CHRISTIE ROODE, junior lektor van die Departement Sielkunde van die Universiteit, vertrek op 2 September na Kanada waar hy sy studies aan die Toronto Universiteit sal voortsit.

Mnr. Roode sal oor 'n tydperk van drie jaar werk aan sy doktorsgraad in die kliniese sielkunde, en is van plan om by sy terugkeer plaaslik te kom praktiseer. Verder sal hy moontlik ook nog klasgee aan die Universiteit. Deur die verkryging van die Kanadese Statebondsbeurs is mnre. Roode in staat gestel tot hierdie studie.

Tydens 'n onderhoud het mnre. Roode verklaar dat hy baie belangstel in die kombinasie van musiek en sielkunde. Hy het dan ook sy M.A.-verhandeling geskryf oor die musiek-psigologie, en hoop om dit na verdere studie die tema van sy doktorstesis te maak.

VETERAAN

Mnr. Roode is 'n veteraan op die Puk: in 1953 het hy hier ingeskryf, en in 1955 het hy sy B.A. met hoofvakke Sielkunde en Musiekgeskiedenis behaal. Geprikkel deur sy belangstelling in die probleem van moeilik-

HOËR ONDERWYS VIR DIE BANTOE

IN HIERDIE laaste artikel wil ek wys op sekere uitlatings wat mnre. John Shingler, voormalige president van Nusas, enkele maande gelede oor aparte universiteite gemaak het. Laat my heel aan die begin sê dat dit maklik is om te kritiseer, maar nie elkeen kan konstruktiewe kritiek lewer nie.

Mnr. Shingler het beweer dat Fort Hare nie meer 'n universiteit in die ware sin van die woord sal wees nie. Vanselfsprekend is dit natuurlik 'n belaglike verklaring.

Wil mnre. Shingler by ons tuisbring dat die persone, onder wie ook lede van Engelstalige universi-

—DEUR EDDIE DE JAGER

teite, wat die kolleges beplan het, nie geweet het wat hulle doen nie?

Op hierdie wyse word van 'n saak waar politieke oorwegings nie primêr was nie 'n speelbal gemaak.

AKADEMIESE VRYHEID

Maar nou meer oor die kwessie van akademiese vryheid. Daar word gesê dat akademiese vryheid deur die kolleges aan bande gelê word—en dan veral deur persone wat self nie weet wat akademiese vryheid in werklikheid is nie.

Sulke persone verwar akademiese vryheid met politiek; as 'n student nie 'n platform het waar hy sy liberale gedagtes kan versprei nie, het hy geen akademiese vryheid meer nie.

Die mens se vryheid lê juis in sy gebondenheid. Akademiese vryheid beteken nie dat jy nou maar kan sê en doen wat jy wil nie. Akademiese vryheid veronderstel verant-

Die laaste artikel oor Bantoe-onderwys verskyn hiermee. Die redaksie wil graag die skrywer bedank vir die reeks bydraes.

woordelikeit. Wat sal van Suid-Afrika word as elke student toegelaat word om te sê wat hy wil, sonder dat 'n element van verantwoordelikeit en besinning by die saak betrokke is.

Die teenstanders van afsonderlike universiteitsopleiding praat van diskriminasie, dominerende vernietiging van vryheid, ens. sonder dat hulle hul ooit verantwoord het oor die betekenis van hierdie begrippe.

EEN VRAAG

'n Mens kan etlike vrae aan hierdie mense stel. Ek volstaan egter

net met een: Kan wetenskap nie bevorder word as gemengde rasse nie daaraan meedoen nie?

Die Bantoe in S.A. staan aan die vooraand van sy ontwikkeling. Indien ons hom langs die regte kanale lei, kan dit alleen bydra tot 'n vreedsame en stabiele verhouding in die land. S.A. is die vaderland van die blanke en van die Bantoe en ons gun mekaar plek in hierdie land.

As blankes moet ons ons deurgaans laat lei deur hierdie twee beginsels: „Jy moet jou God liefhê” en „Jy moet jou naaste liefhê soos jouself”.

As ons in wedersydse optrede teenoor mekaar altyd hierdie twee beginsels eerbiedig en nie verval in kwaadaardige kritiek en kwaadwillige argumente nie, kan dit slegs vrede en welslae vir almal in Suid-Afrika beteken.

Die blanke student moet die nie-blanke student daarom volle morele steun toesê en hom verantwoordelik lei ter bereiking van wat vir hom van belang is. Maar nooit mag hy hom aanhits om dit te vernietig of te ontken wat tot sy eie voordeel sal strek nie.

Mag dit so wees.

J.V.-Leierskamp

Meer as honderd afgevaardigdes en besoekers vanoor die hele Transvaal word verwag by die J.V.-leierskamp wat oor die langnaweek op J.V.-eiland aan die Vaalrivier gehou sal word.

Die tema van hierdie vyfde kamp is „Die roeping van die Gereformeerde jeug ten opsigte van die huidige politieke konstellasië”.

Dr. J. A. L. Taljaard, prof. J. H. Coetzee en adv. J. van Wyk de Vries, sal as sprekers optree.

Mnr. Ben van der Walt tree op as kampkommandant. Ongeveer 15 Pukstudente sal die kamp bywoon.

NUUSGREPIES

JOODSE STUDENTE

Mnr. Aubrey Levin is tydens die vakansie verkies tot ondervoorsitter van die S.A. Federasie vir Joodse studente.

Hierdie liggaam verteenwoordig alle Joodse studente en studentelীগame aan alle S.A. Universiteite.

Mnr. Levin is 'n mediese student in Pretoria en is ook voorsitter van die Joodse vereniging aan die Universiteit.

Hy is bekend vir sy Afrikaans- en nasionaaluitgesprokenheid. Na verneem word het hy 'n gelyke aantal stemme met die voorsitter, mnre. H. Blumberg, gekry.

50 MILJOEN

Rusland het vandag 50 miljoen studente, het prof. Joseph Lauwrys, voorsitter van die International Education Fellowship, tydens die vakansie in 'n lesing in Durban gesê.

Enkele jare gelede was daar egter net sowat 10 miljoen studente in Rusland, het hy gesê.

Alle onderwys in die land is deur die staat se private inrigtings gemonopoliseer. Op die ouderdom van sewe jaar gaan kinders skool toe en bly daar vir sewe of tien jaar.

Die verhouding tussen onderwyser en leerling is gewoonlik vriendskaplik en lyfstraf word afgekeur.

VARIA

Vleueliete Betrek Cachethuis

MENIGE EENSAME wandelaar het seker die afgelope week of wat op die murasies van ou Vleuel afgekom. Die vraag ontstaan dan onwillekeurig: wat het van al die groot „geeste” geword wat in die goeie ou dae daar gewoon het?

Ons verneem dat die geeste voor die sloping begin het, bymekaar gekom het en besluit het: My doodkry is min. So is man en muis met gees en al weg na die nuwe tuiste in Molenstraat: Cachethuis (’n „beter” naam sal glo later gekry word).

SELFWERKSAAMHEID

In die nuwe plek is alles agter-mekaar. Daar is selfs ’n sitkamer met gekleurde stoele en ’n tapyt. Verder bied dit glo al die geriewe wat Vleuel ook gehad het, behalwe dat dit amper ’n dagreis van die eetplek is!

Cachethuis is heeltemal onafhanklik in dié opsig dat die bewoners alles self doen. Hulle maak self beddens op, vee uit en maak hulle eie tee. Die selfwerksaamheid werk baie goed en as ’n man die dag lus het vir ’n bietjie moeilikheid, moet hy net daar sigaret-as of papiere op die vloer gaan mors!

GEES

Die trotse inwoners nooi alle mense wat van die skoon en mooi dinge van die lewe hou, om ’n besoek daar te bring.



MNR. PROFFIE VAN VUUREN, een van Cachethuis se legendariese figure. Hy dien ook die die sekretariaat van die huiskomitee.

Sommer met die intrap sal hy (of sy!) sien dat die beroemde „gees” van Vleuel lewe en sal voortlewe. Toy het die gevoel van die Vleueliete goed vertolk toe hy gesê het: Ons moet net moed hou, miskien is Vleuel weer een more daar as ons wakker word.

★ Dit wil egter lyk asof die selfwerksaamheid te veel geword het vir sommige. So dink ons byvoorbeeld aan Toy Danhauser en Johan de Bruyn wat reeds hul intrek in Dawie Dup gemaak het. Dan geval selfwerksaamheid Dries Yssel ook maar moeilik . . . so erg dat die ou nie meer so maklik sy draaie by die Teologiese Skool maak nie.

SKURF

Onlangs het ek ’n koshuisvergadering van Dawie Dup bygevoel. Daar moes ek hoor dat die notule ’n skurwe beslag het vanweë

Geschiedkundige Oorsee

Prof. D. W. Krüger van die Departement Geskiedenis, vertrek eersdaags na Portugal om die internasionale kongres ter herdenking van die 500-jarige geboortedag van Prins Hendrik die Seevaarder, by te woon.

Prof. Krüger werk tans aan ’n publikasie oor die lewe van President Krüger en hoop om tydens sy besoek, nuttige inligting in die verband in te win.

Ook wil hy Spanje besoek—die land met sy gewilde stiergevegte—’n besoek waarna hy baie uitsien.

Oorlede

Twee lede van die Alabama-toergroep, Louis Coetzee en Olga Hoffman, moes die toergeselskap op Pietersburg verlaat nadat berig ontvang is dat Louis se vader oorlede is. Die Wapad wens langs hierdie weg sy deelneming met die agterblywenes te betuig.

Oor Ditjies en Datjies

Ou Hans van Zyl het sommer die byle laat huil daar in Bloemfontein met die onlangse intervarsitie. Hier is so ’n paar van Hans se treffers:

Jy laat my dink aan ’n Karoowolkie: As hy nie nat is nie, het hy net ’n wind.

Jy lyk vir my na ’n moddergat na ’n halfdag se reën.

Jy’s so skeel: as jy huil loop die trane teen jou rug af.

Jy slaap gedurig gedurende lesings—nou die dag toe die klok lui toe spring jy op en soek na die wekker om hom dood te druk.

Jy is vandag weer so pittig soos ’n banana.

Ek wens jou brein was ’n negatief sodat ek hom kon vergroot.

Aan die einde van jou matriekjaar vertel jou pa vir sy vriend: My seun het „cum” in al sy vakke behaal. Die ou vra toe: It dit cum laude? Toe sê jou pa nee, cum back.

* * *

Vleuel se boys het „party” en „kompetisie” gehou—die duike het gebreek en Vleuel rus, rus in die boesem van die see.

* * *

SKRAAL KYSTE

Dit spyt my dat ek in die vorige Wapad gemeld het dat Piet Venter en Engela Venter gekys is. Hulle het ’n verhouding tussen mekaar of liever met mekaar aangeknoop. Vir die moontlike ongerief wat die „kys” kon veroorsaak, vra ek om verskoning.

Slegs twee het my bereik:

Gert Wissing en Linette van der Walt.

Mike Prins en Christien Steyn, uit Poteland.

—BRAK.

KOMPLEKS BEWONERS KAN GERUS WEES

Mansstudente in die Komplekskoshuise wat nog staan na die onlangse sloping van Postmahuis, hoef nie bang te wees dat hulle in die nabye toekoms gevra sal word om die koshuise te ontruim omdat hulle sal moet plek maak vir die groot uitbreidingsplanne van die Universiteit nie.

Die assistent-registrateur van die Universiteit, mnr. G. P. Schoeman, het ons verteenwoordiger meegedeel dat daar nie planne is vir die onmiddellike sloping van die koshuise nie. Miskien in later jare, maar

eintlik nie binne afsienbare tyd nie.

Aan die einde van volgende jaar sal daar wel ’n sielkundelaboratorium opgerig word tussen Ons Huis en Heimat. En miskien is die visdam al wat dan in die slag sal bly.

Dit is soms makliker om ’n groot leuen te vertel as ’n klein waarheid.—Sirius.

* * *

Uit ja en nee spruit alle twiste.—Balzac.

DRINK DIE BESTE!

- * Pep-A-Quava
- * Pep-A-Dilla
- * Ting-A-Ling
- * Top-Hat

DRINK

- * Super Orange
- * Fresh Orange

Pep-I-Doo

Potch Mineral Waters

Telefoon 16 en 1144 — Posbus 134

PUKLIEDJIES EERSDAAGS OP PLATE

VOOR DIE EKSAMEN begin, sal die Puk se eie 12 dm. langspeelplaat van studenteliedere te koop aangebied word teen ’n prys van sowat £1/15/-.

’n Goed-afgerigte koor Pukke sal die liedjies sing en die plaat sal in ’n pragkleuromslag waarop deel van die Universiteitsterrein verskyn, aangebied word, verneem Die Wapad van mnr. Charlie Williams, wat die onderneming van stapel stuur.

„Byna al die gekose liedjies is reeds deur bevoegde persone van die Musiekdepartement van die Universiteit verwerk. Dr. J. J. A. van der Walt neem die afgrigting van die Universiteitskoor waar en so sal die ou bekende liedjies gehoor kan word—met ’n nuwe onderbaadjie aan!” deel mnr. Williams mee.

Die Studenteraad beheer al die reëlins maar ’n professionele plate-maatskappy sal die liedjies op band opneem en die plate vervaardig en die verspreiding sal hier plaaslik behartig word. Die afgelope paar maande is daar reeds hard gewerk aan hierdie onderneming, deel mnr. Williams mee en sê verder:

REGTE INVLOED

„Die aanhoor van Ingram, Listig is das Zigeunerlieben en nog vele ander liedjies, mag net die regte uitwerking hê om ons weg te voer van die eksamen-werklikheid en ons daaraan te herinner dat dit darem nie altyd so sleg gaan nie.”

Die verkoopprys sal in groot mate bepaal word deur die hoeveelheid plate wat van die vervaardigers bestel word maar dit sal waarskynlik in die omgewing van £1/15/- wees.

Militêre Opleiding Ontvang

Dr. J. S. du Plessis, Kommandant van die Mooi Rivier Pantserregiment, het pas teruggekeer van Bloemfontein waar hy die jaarlikse militêre opleiding van drie weke meegemaak het.

Elf offisiere en 163 manskappe het aan die manouvers vanaf 3-23 Augustus deelgeneem.

Onder die offisiere was daar ’n hele aantal oud-Pukke, onder andere kapt. C. W. A. Steyn wat tweede in bevel was en gedurende die vroeë vyftiger jare hier gestudeer het. Voorts was daar kapt. J. du Plooy, veldkornette D. Putter, Hannes Venter, Chris Hennop en Koos van Dyk.

Die maan’ig van die herinnering is mooier as die sonlig van die werklikheid.—Sirius.

* * *

Deugde en meisies is op hul mooiste voordat hul weet dat hul mooi is.—Börne.

Inter-tee by Dawie Dup

Saterdagmiddag het ’n aantal van Klawerhof se dames inter-tee gehou met Dawie du Plessis-Huis se mans. Die gesellige samekoms het plaasgevind in die ontspanningslokaal van Dawie Dup-noord.

Mnr. Louis Aucamp het gesorg vir opgewekte musiek en die res vir die vreugde. Almal was in opgewekte luim en het die aand om die teekan besonder geniet.

Dirigent Moet Nog Geskaak Word

Die huidige dirigentskakery tussen die P.U. en U.O.V.S. is tans prakties ’n hopelose saak, was die algemene gevoel van die massa op Dinsdagaand se laaste monstervergadering in die Studentesaal.

Die massa het besluit dat daar voortgegaan moet word met dirigentskakery, maar dat die S.R. ’n kommissie moet benoem om die hele aangeleentheid met U.O.V.S. te bespreek met die oog op die daarstelling van vaste reëls.

Ook is daarop aangedring dat meer as een persoon op ’n keer geskaak kan word.

Hoewel ywerig gepoog word van die kant van die Studenteraad om rekbare reëls daar te stel wat die skakery prakties uitvoerbaar kan maak, word die reëls tog verontagsaam en wagte in hul tientalle om-swerf die koshuise waar die dirigent tuis is.

EXPRESS

DROOGSKOONMAKERS

ONS IS TROTS OM U TE BEDIEN

DIENS AAN BLANKES ALLEEN

Lombardstr. 25 — Tel. 3403



„Aitsa!”

As die DAMES so sê moet jy weet die Jongheer koop sy klere by:

J. TOD SUTTIE

Kerkstraat 177 — Telefoon 1 POTCHEFSTROOM

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

In en Om die Kleedkamers

INTERVARSITIE is seker die hoogtepunt van ons studentelewe elke jaar. Waar anders is ons as studentegemeenskap so eensgesind en stry ons so saam vir een gemeenskaplike doel—die eer van ons Universiteit?

Dis tydens Intervarsitie waar sport ons studente saamsnoer en waar die geleentheid hom voordoen waar ons op 'n gesonde basis kontak met 'n ander studentegemeenskap kan verkry.

Kan u nog onthou watter indruk het u eerste Intervarsitie op u gemaak? Die salige opgewondenheid van student-wees, die skerts op die pawiljoene en die samesang? Dan skielik stilte—stilte voor die groot storm. Voel u nie nog die kieweling langs u ruggraat as die Alma Mater so gewyd toegesing word aan die vyftien censame spelers wat senuweeagtig op hul spore staan en rondskuif nie?

Dan voel 'n mens wat studentskap i hou, wat dit beteken om 'n Puk genoem te word.

MET EER UIT STRYD

Die feit dat ons verloor het, doen niks afbreuk aan die waarde van hierdie dag nie. Ons eerste rugbyspan het met eer uit die stryd getree en aan hulle die opregte gelukwensing van ons sportmante en -vroue op die Puk.

As die beoefening van sport in hierdie lig aangepak word, dan dien sport tot sy regte doel in ons gemeenskap.

Tog voel 'n mens nou na afloop van die Intervarsitie dat sekere dinge nie reg is nie. Voor Intervarsitie het ons sportvelde gewemel van gewillige spelers wat die vaandel van ons Alma Mater hoog wil hou. Maar nou is daar nie genoeg spelers om

ons verpligtings in die liga na te kom nie.

Miskien het dit tyd geword dat die verskillende sportklubs die saak moet begin ondersoek.

Spelers wat net voor Intervarsitie hul opwagting by die velde maak, kry plek in spanne ten koste van spelers wat gereeld gedurende die jaar geoefen het maar nie sulke goeie individuele spelers is nie.

OPWINDING

Na die opwinding van Intervarsitie verflou het, is hierdie spelers se belangstelling ook gedemp en hul kom speel nie meer nie.

Dit behoort nie 'n ware sportman se houding ten opsigte van sy spel te wees nie.

—STUURMAN AAN WAL.

VOLGENDE WAPAD

Die volgende uitgawe van Die Wapad verskyn op Donderdag 8 September en sal vroeg reeds in die kafeteria te koop wees.

Dit sal 'n spesiale verkiesingsuitgawe wees en volledige uitslae van al die verkiesings bevat.

Moontlike Goeie Gevolge

Die aanbeveling van die massa aan die kommissie van die S.R. op die onlangs gehoue massavergadering, nl. om in te gaan op die moontlikheid dat ander persone bv. Normaalstudente, oorzienkomsig die bepalings van die reglement, aan ons sportklubs mag deelneem, kan goeie gevolge inhou as die saak reg aangepak word.

As ingeskrewe Pote dwars deur die jaar by ons klubs oefen en 'n plek in 'n span regverdig, is dit niks meer as reg om dit toe te laat nie.

Maar dan moet ons die versekering kry dat die spelers altyd beskikbaar sal wees en nie tydens inter-Normaal of met belangrike ligawedstryde ons in die steek sal laat nie. - (I. J. L.)

ALLEEN PERSONE WAT OEFEN VOORTAAN IN PUKSPANNE

GEEN PERSOON wat nie aan 'n sportklub aan die P.U. hoort en nie gereeld deur die jaar oefeninge bywoon sal in die toekoms in Puk-sportspanne opgeneem word nie.

Hierdie mosie is op die pasgehoue massavergadering met weinig teenstemme aanvaar en sal as aanbeveling geld vir die S.S.B. en die S.R. wat op die oomblik besig is met 'n ondersoek na die aangeleentheid.

Die algemene gevoel was duidelik daar teen dat persone wat nie gereeld die kluboefeninge bywoon—hierby word dan ook P.O.K.-studente ingesluit—nie in die Pukkleure behoort deel te neem nie.

Dit sou nie alleen onregverdig teenoor suiwer Pukstudente wees nie, maar ook daartoe bydra dat laksheid t.o.v. oefeninge sal toeneem. Gesonde kompetisie werk nie noodwendig 'n gevoel van vyandigheid in die hand nie.

PRESTIGE VOOROP

Die prestige van die Universiteit moet nie voorop gestel word nie, maar wel die deelname van soveel moontlik P.U.-studente, waarvoor die fasiliteite en geleenthede per slot van sake gekoop word.

Hoewel sommige spanne in die toekoms miskien effens verswak sal

Puk se Drieling

'n Merkwaardige sameloop van omstandighede word aangetref in die onder negentien A-span wat verlede Saterdag op Boemfontein gespeel het.

Die drie manne in die voorry, die twee stutte, en haker, is presies ewe oud. Hierdie „drieling” is Klein Pottie Potgieter, Andries Steyn en Barend Lessing en hul is al drie gebore op 1 Desember 1941.

Die drie kerele is nie net op die veld saam nie, maar is ook baie goeie vriende. Hulle se hulle drieling is eintlik 'n vierling want Pottie het nog 'n tweelingsuster op die Puk ook!

Die geluk en bekoorlikheid van die jeug lê daarin dat dit nie so wys is soos die ouderdom nie.—Java.

* * *

Soek 'n vrou met jou oor, nie met jou oog nie.—Spreekwoord.

PUKKE SKITTER IN TWEDE HELFTE EN KLOP GOLDFIELDS

Verlede Saterdag het Puk seëvierend van Carletonville teruggekeer nadat nie alleen die eerste span hul teenstanders 18—14 die loef afgesteek het nie maar ook al die ander Pukspanne gewen het.

Aanvanklik het die Pukke maar swaar gelewe. Sake wou nie v'ot nie en in een stadium het toestande

ongunstig vir die Puk gelyk—Goldfields het met 8—0 voorgeloop. Die Pukke het egter pragtig herstel en

Bofbalspelers skud vere reg

Die bome bot en dit is weer die begin van die somer. Daarmee begin ook die bofbalseisoen. Hierdie seisoen begin op 'n hoë noot.

Op 1 Oktober speel die Puk reeds sy eerste vriendskaplike wedstryd teen Pretoria oud-studente daar.

Daar a volg wedstryde op elke Saterdag, wat gesluit word met die S.A.U. Bofbaltoernooi op Potchefstroom.

Die toernooi sal aan die einde van November plaasvind.



JAN VAN DER SCHYFF

het 'n paar pragbewegings na die doellyn geloods.

Toy Dannhauser het vir die eerste keer nadat sy enkel gebreek is, die eerste span op die veld gelei.

DRIEË

Drieë is aangeteken deur Smous van der Westhuizen, Piet Bosman en Bok Fourie, wat 'n pragtdrie gaan plant het.

Schak Hoogenboezem het sy goeie skopwerk van Intervarsitie voortgesit en twee drieë verryf terwyl Toy met 'n verryf- en strafskop geslaag het.

Voorspelers wat in die losspeel uitglinsk het, is Piet Bingle en Amie van Wyk terwyl Jan van der Schyff gevaarlik vertoon het.

ANDER SPANNE

Navy wen 8—6.

Fires wen 14—0.

Slippers wen 21—6.

INTERVARSITIE UITSLAE

	U.O.V.S.	Puk
Eerste rugbyspan	11	9
Tweede rugbyspan	11	8
Derd's	3	6
Vierdes	0	3
O/19 A	12	6
O/19 B	11	8
Manhokkie eerste-span	4	3
Dameshokkie eerste-span	0	6
Dameshokkie tweedes	1	1
Netbal eerste-span	13	27
Netbal tweedespan	2	27
Gimnastiek	354	350
Skaak	13	6

Hokkiespelers vaar goed

In 'n wedstryd verlede Saterdag teen Strathvaal moes die tuisspan die onderspit delf met 6—0 teen die Puk se eerste hokkiespan.

Pote moes ook die vorige Woensdag teen dieselfde span die stryd met 7—0 gewonne gee.




KOOS DU PLOOY

vir Wes-Transvaal gespeel het.

Vir die O/19-span van Wes-Transvaal wat op dieselfde dag op die veld draf, is die volgende Pukke gekies: Johan van der Schyff (onderkaptein en senter), Johan Aucamp (vleuel), Koos Hattingh (s'ot), Willem Vorster (flank), Barend Lessing (haker), Jan Ackerman (agtsteman) en Pottie Potgieter (reisende reserwe).

Namens die Wapad-redaksie, ons hartlike gelukwense.



volryp
goue
tabak

verreweg die beste koop teen

19 vir twintig